# JUNIOR JEUG ALPHA: Sessie 6 – Hoe en waarom moet ek Bybel lees?

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor hoe belangrik die Bybel vir ons as kinders van God is.

Vanaand gaan ons kyk hoe fiks julle is.  Ook hoe vinnig julle kan dink.  Kom ons warm gou eers op.

**Ysbreker 1: Oefeninge: Opwarmingsoefeninge:**

**WARM OP** - deur te kniel in gebed.

Almal gaan op hulle knieë vir 10 tellings om die biddende posisie te oefen.

**TEL OP** - al jou seëninge

Almal tel op hulle vingers en sê hardop soos hulle tel wat hulle het om voor dankbaar te wees.

**GOOI** – jou sorge van jou skouers af

Maak of jy iets oor jou skouers gooi, en soos jy gooi sê jy hardop dit wat jou laat stres gooi jy van jou af.

**ROL** – groot struikelblokke uit die pad uit.

Maak of jy iets rol – soos jy rol sê jy hardop die name van dinge waarmee jy sukkel.

**STREK** – na die goeie en opregte lewe.

Strek jouself vorentoe uit en noem die goeie en mooi wat Jesus bly maak.

**SKUD** – jou kop van links na regs vir versoekings.

Soos jy jou kop skud noem jy die name van die verkeerde dinge waarvoor jy 'nee' sê.

**REIK** – nou sywaarts uit en deel die goeie boodskap met mense om jou.

soos jy sywaart uitreik vertel vir die persoon aan jou regterkant dat Jesus hulle liefhet.

Nou dat ons goed opgewarm is, gaan ons 'n paar speletjies speel waar ons ons lyfies gaan moet gebruik en op party plekke mooi gaan moet dink.

**Ysbreker 2: Asof speletjie:** Noudat ons lekker opgewarm is, kom ons kry daardie lyfies aan die werk.  Lees die volgende senarios en kinders moet dit uitact met hulle lywe:

- Hardloop op een plek asof 'n beer jou jaag;
- Loop op een plek asof jy deur sjokolade poeding loop;
- Spring op een plek asof jy 'n springmielie is wat spring in 'n pot;
- Maak asof daar klomp balle in die lug is wat jy probeer vang;
- Verf 'n prentjie asof daar 'n verfkwas aan jou kop vas is;
- Maak asof jy swem in 'n swembad vol jellie;
- Skud jou lyfie asof jy 'n nat hond is.

**Ysbreker 3: Groepies maak:** Kom ons kyk hoe vinnig julle wiskunde kan doen. Laat die kinders staan en roep verskillende getalle uit. Hulle moet nou hardloop om groepies te maak met die hoeveelheid kinders in die groep wat jy uitgeroep het. Roep bv. groepies van 5, 7, 10 ens. Sorg dat die speletjie eindig waar hulle groepies van twee moet maak.

**Ysbreker 4: Rug teen rug:** Kom ons kyk hoe sterk julle is. Laat die maatjies nou rug teen rug op die grond sit en hul arms inhaak bymekaar. Hulle moet nou so probeer opkom sonder om hulle hande te gebruik. Soos wat die verskillende groepies opkom, voeg nog twee kinders by sodat dit nou vier is wat op dieselfde manier moet sit, inhaak en probeer opkom. Kyk hoeveel kinders kan uiteindelik bygesit word totdat hulle moeg raak vir die speletjie.

**Ysbreker 5: Kos raai: Lees die volgende raaisels oor kos en kyk of die kinders kan raai van watter soort kos jy praat.**

- Hierdie kos kom in 'n vierkantige boks, dit is rond en jy sny dit in driehoeke. Mense sit enige iets van kaas, tot pynappels tot hoender op dit. (Pizza)
- Dis 'n lang rolletjie en jy sit gewoonlik 'n lang stuk vleis en tamatiesous in dit. (Hotdog)
- Hierdie vrug is rooi en groen en het klein pitte in wat jy moet uitspoeg. (Waatlemoen)
- Dit is baie soet met 'n gaatjie in die middel. (Donut)
- Hierdie kos gaan baie goed saam met 'n hamburger en jy kan mosterd of tamatiesous oor dit gooi. (chips)
- Mens kry dit in baie kinders se kosblikke. Jy kan peanutbutter opsit, dalk kaas en selfs ham. (toebroodjie)
- Dis lekker soet, en mens kan dit saam met jou melk eet of so in 'n koppie tee of koffie doop. (koekies)

**INLEIDING:**

Wie van julle hou baie van eet? Wat is julle gunsteling kos om te eet? Hoeveel maal 'n dag eet julle? Meeste van ons eet so drie maal 'n dag. Ontbyt, middagete en aandete. Kos is baie belangrik vir ons lyfies. Dit gee ons lekker energie om te kan hardloop en spring en maak ons lyfies sterk. Hulle sê om vis te eet is baie goed vir ons brein. Dan kan mens mos sommer vinnig 'n raaisel antwoord.

Het julle geweet om die Bybel te lees maak ons ook sterk? Ja, dit maak ons aan die binnekant sterk. Wanneer ek Bybel lees, voel ek sommer reg vir die dag en my hartjie voel vol liefde vir God.

Wie van julle hou van Bybel lees? Wie lees elke dag Bybel of luister elke dag hoe mamma of pappa vir jou Bybel lees?

Die Bybel help ons om te weet hoe God wil hê ons moet leef. Dit help ons om beter te weet Wie God is. Dit vertel ons van Jesus. Die Bybel is so spesiaal. Dis God se eie woorde. Wanneer ons hamburgers en roomys eet is dit baie lekker en maak dit ons magies lekker vol, maar dit is net so tien minute dan het ons dit als opgeëet. Die Bybel hou vir altyd, want dit is God se woorde. Dit maak ons sterk om reg in die die wêreld te kan leef. Net soos om te bid vir kinders van Jesus baie belangrik is, is om elke dag Bybel te lees ook belangrik.

Nou het ons so lekker gepraat van eet, maar ai, dan is daar skottelgoed na al die kosmaak. Ek was met 'n sponsie skottelgoed en het julle geweet dat as ek so na die sponsie kyk, dan dink ek aan die twee maniere hoe mense die Bybel lees.

**Sponsie illustrasie:** Sit 'n sponsie op die tafel neer. Kry 'n spuit botteltjie met water en ook 'n emmer met water in. Spuit bietjie water op die sponsie en laat 'n kind probeer om die water uit die sponsie uit te druk. Sê: Kyk daar het glad nie water uitgekom nie. Hierdie sponsie is nou soos iemand wat elke dag net 'n bietjie Bybel lees en nie regtig daaroor dink of leer uit die Bybel nie. Wanneer daar iets moeiliks oor sy/haar pad kom soos 'n maatjie wat hom/haar boelie of siekte, probleme, dan gaan hy nie mooi weet wat om te doen nie, want hy weet nie regtig wat die Bybel sê nie. Hy/sy mag dalk nou die verkeerde ding doen.

Druk die sponsie nou in 'n emmer met water in. Hou dit op en druk die sponsie. Nou laat die sponsie my dink aan iemand wat elke dag Bybel lees en regtig luister na wat in die Bybel staan. Wanneer daar dinge gebeur in sy/haar lewe, sal hulle weet wat die regte ding is om te doen, omdat hulle mooi luister na wat God vir hulle in die Bybel sê.

As jy net bietjie Bybel lees, gaan jy net 'n bietjie weet, maar wanneer jy baie Bybel lees en mooi aandag gee aan wat gelees word, sal dit jou help om te weet wat God wil hê jy moet doen.

**Aktiwiteit:** Verlede week het ons so mooi geleer oor hoe ons kan bid deur na ons handjie te kyk. Ons het ons een handjie op die blaai geteken en vanaand gaan ons die ander een doen. Dit gaan ons help om ook te onthou hoe om Bybel te lees.

Duim: Ons moet elke dag God se woorde in die Bybel **hoor.**

Wysvinger: Ons **lees** God se woorde in die Bybel

Middelvinger:  Ons moet **onthou** wat ons gehoor en gelees het

Ringvinger:  Ons moet **doen**  wat ons in die Bybel gelees het

Pinkie:  Ons moet **dink** aan wat in die Bybel staan.

**Sluit af in groepe met gebed.**